**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 20 – 35
Teks: **Markus 3: 34 – 35**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 31:1, 4**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 100:1,2; Ps. 48:1,4; Ps. 100:3,4; Ps. 18:1,12,14**
**<u>Markus 3: 20 – 35</u>**
Mar 3:20 Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom, sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkie te eet nie.
Mar 3:21 Toe sy familie hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: "Hy het van sy kop af geraak."
Mar 3:22 Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: "Hy is van Beëlsebul besete!" en "Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste dat hy bose geeste uitdrywe."
Mar 3:23 Jesus het hulle nader geroep en hulle met voorbeelde geantwoord: "Hoe kan die Satan die Satan uitdrywe?
Mar 3:24 As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;
Mar 3:25 en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin nie kan bly staan nie.
Mar 3:26 As die Satan teen homself in opstand kom en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde.
Mar 3:27 Bowendien kan niemand in 'n sterk man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan sal hy sy huis kan beroof.
Mar 3:28 Dit verseker Ek julle: Alles sal die mense vergewe kan word, al die sondige lastertaal wat hulle praat.
Mar 3:29 Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde."
Mar 3:30 Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het: "Hy is van 'n onrein gees besete."
Mar 3:31 Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep.
Mar 3:32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U."
Mar 3:33 Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?"
Mar 3:34 Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers!
Mar 3:35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."

**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 20 – 35
Teks: **Markus 3: 34 – 35**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 31:1, 4**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 100:1,2; Ps. 48:1,4; Ps. 100:3,4; Ps. 18:1,12,14**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom vandag by die laaste van ten minste vyf verskillende benaderings wat daar in Markus 3 tot Jesus was. Die eerste is skares van mense het Jesus gesien as Een wat baie vir ons kan doen. Hy doen baie wonders, daarom wou elkeen eintlik maar ook hê Jesus in hulle lewens wonders moet doen. Of hy kwale genees of demone uitdryf, daar was baie sulke wonders wat Jesus gedoen het.

Die tweede groep is sprekend van ook 'n besondere benadering wat daar tot Jesus was. Jesus het twaalf manne gekies wat Hy na Hom geroep het, wat Hy eers as dissipels wou oplei. Hulle moes eers geleer word voordat hulle andere kon leer ... Manne wat geroep is om eendag apostels, uitgestuurdes van ons Here Jesus Christus te wees. Dit waarmee Mattheus 28 eindig is wat ons noem die sendingopdrag- Ons kan mekaar nooit genoeg hieraan herinner nie. Die besondere woorde in vers 19- kom ons lees dit 'n keer uit die 2020 Vert. *19 Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader*

*en van die Seun en van die Heilige Gees, 20 en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.*

***

Die apostels wat 'n buitengewone tydelike amp ontvang het, hulle werk was om uit te gaan. Maak dissipels van al die nasies soos wat hulle ook eers dissipels was. En dadelik word hulle buitengewone amp tog ook iets van dit wat die kerklike ampte later sou word. Geroepenes van die Here wat mense dissipels van Jesus Christus moet maak. En dit gebeur deur die doop. Met die doop verseël die Here sy verbond. As verseëlde of ons kan ook praat van 'n gesalfde van die Here deur sy Heilige Gees gesalf. So een moet geleer word om dan ook weer andere te leer. Die opdrag in Mattheus 28 is 'n leeropdrag - *leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het ...* In wat ons vandag by hierdie vyfde benadering van Christus ook gehoor het, waar Jesus klem lê op dit wat geleer word en dit wat gedoen moet *... 35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."*

Ons kan die vyfde benadering tot Jesus as iets van 'n hoogtepunt beskou. In al die benaderings wat daar tot Jesus was, kan ons by hierdie Sondag na Nagmaal by hierdie hoogtepunt uitkom. Want was ons verlede Sondag by Nabetragting by die mense wat eintlik 'n baie groot laagtepunt bereik het. Mense wat sê Jesus is self van die duiwel besete daarom kan Hy ook andere se demone uitdryf. Hy en die satan is vennote. 'n Groter laagtepunt kan daar nie wees as wat hierdie vierde benadering tot Jesus was nie. Die vierde benadering dan 'n totale laagtepunt, vandag se benadering 'n baie besondere hoogtepunt.

***

Dit gebeur steeds in die dorp Kapernaum en wil ons aanvaar dat Jesus se ma en sy broers, die ander seuns van Josef en Maria nog op pad was na Kapernaum toe ons by verlede Sondag se ontmoetings was. Ons het gelees hoe daar by die huis waar Jesus tuis was 'n samedromming van mense was sodat Jesus en sy dissipels nie eers kans gehad het om te eet nie. Mense wat lyk hulle gee om, maar hulle omgee is nie werklik begrond in wat Jesus as die belangrikste in sy werk beskou het nie.

'n Omgee liefde wat moes word 'n liefde wat opoffer was nie by hulle teenwoordig nie. Ook vir ons vandag geld dieselfde dat ek myself as lewende, heilige en aan God welgevallige offer moet gee – Romeine 12 vers 1... *op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* Ons lees hiermee saam vers 2- *Julle moenie aan hierdie*

*sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.* Die derde groep gee om maar hulle was nie bereid tot die selfopofferende eis wat ons in Romeine 12 lees nie.

Hierdie derde groep se benadering sluit in baie opsigte aan by wat ons as vandag die vyfde groep se benadering tot Jesus ook sien, behalwe dat die vyfde groep is nou Jesus se aardse huisgesin.  Jesus se aardse huisgesin wat sekerlik ook baie vir Jesus omgegee het.  Die vraag geld steeds was hulle omgee-liefde reg gegrond, was dit 'n bereidheid om op te offer, of was dit nie maar ook 'n geval van hulle dink Jesus is van sy sinne beroof, Hy moet huis toe kom, Hy moet weer in Nasaret kom bly.  Daar kan Hy weer werk soos 'n normale mens, ja dit wat sy pa as skrynwerker gedoen het. Jesus moet eintlik maar net huis toe kom. Dit is wat sy ma en sy susters en sy broers wou hê, almal kinders van Josef en Maria.

***

Ja, toe sy huisgesin daar by die huis in Kapernaum kom toe wil hulle Jesus eenkant toe roep. Hulle gee om, hulle is besorg oor Hom,  daarom dat hulle ook 'n boodskap na Hom gestuur het om Hom te roep.  Markus skryf in vers 32-  *32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U."* Jesus se aardse huisgesin, ja in Markus 6 vers 3 dan lees ons nog weer van hulle ... die mense wonder en hulle praat ... *3 Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie?"*

Jesus se aardse ma sal ons in die naderende kerstyd sekerlik nou weer meer kere van hoor, ons lees hier van ten minste vier broers, daar was ook susters, almal besondere familie van Jesus maar nou gaan die vraag wie is die eintlike familie van Jesus.  Jesus het by ons laaste benadering tot Hom in Markus 3 n besondere antwoord wat ons mooi na moet kyk.  Daar was n tyd op aarde toe mense gedink het om biologies familie van Jesus te wees is n groot voorreg.  Daar was die vrou in Lukas 11 vers 7 wat dit hardop in die teenwoordigheid van Jesus uitgespreek het - *"Gelukkig is die moederskoot wat U gedra het en die borste wat U gevoed het!"* (2020 Vert).

As Jesus se aardse huisgesin daar buite die huis vir Hom roep en Hom inwag dan wil dit lyk hulle ook die verwagting gehad het dat Jesus dadelik na hulle toe moet kom.  Dis darem tog

sy ma en broers wat nou daar is. Jesus is besig om binne die huis ander mense te leer. Hoe baie het gedink Hy onmiddellik alles sal los en eers aan sy mense daarbuite aandag moet gee.

In ons teksverse vandag dan kom Jesus by die hoogtepunt wat in hierdie reeks van vyf preke, ja in die vyf benaderings wat daar tot Jesus was kom ons ware identiteit as Kerk na vore. Wie die eintlike familie van Jesus is. Jesus se broers, biologiese broers was ook mense met hulle eie maniertjies. Ons het verlede Sondag by Nagmaal al mense ontmoet wat hulle werklik besorg was oor wat aan die gang is en hulle besorgdheid spreek in die feit dat hulle dink Jesus sy gesondheid verwaarloos, of dat Jesus sy werk as skrynwerker verwaarloos, Hy verwaarloos die mense van waar hy kom, Nasaret se mense. Hy het eintlik vergeet Wie Hy is. Hy is maar net Josef en Maria se kind nou verkondig Hy die koninkryk van God. Daar was selfs mense wat gedink het Jesus stel Homself al meer in die gevaar. Hoe meer Hy die koninkryk verkondig hoe groter word die weersin en teenstand teen die Man wat later op die kruis sou uitloop.

Mense met hulle maniertjies, party erge growwe maniere wat vir Jesus selfs van duiwelswerk beskuldig het. Deur al die gedagtes, strominge, opvattinge en maniere van mense het Jesus sy weg moes baan, ’n pad van lyding wat Hy moes loop, vanaf daardie eerste dag toe Hy as Mens gebore was. In ’n stal, in doeke toegedraai neergelê in die voerplek van diere. Oor daardie stal het die skaduwee van sy kruis al sy skaduwees begin gooi.

Sy vroegste getuies is herders wat se woord altyd in twyfel getrek was. Ons het die spreekwoord wat sê iemand lieg soos ’n tandetrekker, daardie tyd was die spreekwoord iemand lieg soos ’n skaapwagter. Tog was skaapwagters in die nag, in die veld, God se betroubaarste getuies want hulle wat swak is, maak God die sterkes. God omstraal hulle met duisende en duisende engele wat die boodskap van vrede in woorde begin bring terwyl die realiteit daarvan nog ons groot verwagting is. Wanneer hierdie laaste vrede, volmaakte vrede, God se vrede ons deel kan word, waar ’n leeu geen bedreiging meer vir ’n lam sal inhou nie, wanneer die twee selfs teen mekaar sal gaan lê.

Wyse manne uit die ooste het weer hulle manier gehad. Hulle volg ’n ster wat die wentelbane van planete wys nie net die aarde reageer op die boodskap van die geboorte van God se Seun nie, maar die ruimste ruimtes is nie onaangeraak by die geboorte van dié Kindjie nie. ’n Ster verhelder sy glans en onderbreek sy baan as dit gaan om die plek waar die Kind gebore is.

Alles ter wille van God se kinders, ter wille van hulle wat werklik God se moeder en susters en broers is. Alles ter wille van sy kerk. Jesus sê vir die mense in Petrus se skoonma se huis, 'n huis om baie redes volgepak van mense .... ons lees *34 Hy het na die mense gekyk wat rondom Hom sit, en gesê: "Kyk, hier is my moeder en my broers. 35 Want elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."*

As ons dit hoor en ons verstaan wat Jesus bedoel dan verstaan ons 'n groot deel van waarom God vir Hom 'n Kerk op aarde gevestig het. Ons kerk-wees het begin waar daardie twaalf begin het. Hy, Jesus het hulle geleer ... dis waar jou en my leer moet begin. Die leer van die apostels is die leer waarop Christus sy kerk gebou het en dit is ons vandag nog. 'n Kerk wat onsself 'n apostoliese kerk mag noem, wat nie anders mag bou as hoe die apostels op die ware leer van Christus gebou het nie. Ons wat die broers en susters van Christus mag wees, ons wat onsself so mag noem...

Ons mag nie anders wil leer as wat die apostels geleer het nie. Dit maak die kerk 'n lewende gemeente, ons is lewende stene in die huis van God waarvan Christus die Self die Hoeksteen is. Alles hang van Hom af en in Hom sluit die eenheid van die Kerk saam. In Christus is ons reeds één. Die apostels wat as gewone mense met baie gebreke en uiteenlopende persoonlikhede en geaardhede wel die Kerk op die fondamente kon plaas wat Christus hulle geleer het en Hy van hulle verwag het. Ons moet die lewende stene wees, gebou op hierdie fondasie. Die Kerk word ook genoem die liggaam van Christus waarvan Hy die Hoof is. In die sin is ons ledemate van die liggaam wat my jou suster en broer van Christus maak. Dit wat ons by hierdie vyfde benadering mooi na moet kyk.

Ons belydenis in die Kategismus bely die Kerk juis vanuit dit wat ons geloof in die Heilige Gees is. Sondag 20 V/A 53 vra die vraag - ***Wat glo jy van die Heilige Gees***? Ons antwoord - **Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God . Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade , my troos en ewig by my bly.** Ons besef dit is alleen op grond van ons geloof in die Heilige Gees, dié Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan, dat ons nie net <u>*in*</u> die Heilige Gees glo nie, maar dat ons ook <u>*aan*</u> die Kerk glo. Die Kerk wat die Kategismus jou en my vra- eers nadat ons die vraag oor die Heilige Gees kon antwoord ... V/A 54 Sondag 21 - ***Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?*** As moeder van Christus, ja die kerk is ook Christus se moeder want Jesus is uit die kerk gebore (vgl. Openbaring 12), ja as

moeder en broers en susters van Jesus antwoord ons saam met ons belydenis ... **Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.**

Ja, die Seun van God het uitverkies, want Hy is van ewigheid af ook God. Hoe mooi stel die Niceaanse belydenis dit, dit wat ons ook vanoggend weer bely het... **voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie *alles* tot stand gekom het.** ***Alles*** sluit in Hy is ook die begin en die einde van die Kerk, Hy bepaal die wese van sy Kerk, Hy wat mense maak sy broers en susters, dat ons dit ook vir mekaar moet word. Ons moet in Hom kan word 'n gemeenskap van heiliges. In die opsig is die Kategismus weer verder met ons oppad as ons ook die vraag moet antwoord... ***Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?*** Beter as die Kategismus sal ons nie kan antwoord nie... **Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het . Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.**

***

Geliefdes as ons hierdie rykdomme hoor, ons verstaan dit, ons deel dit met mekaar, ons wil dit met die wêreld daarbuite deel, dan het Christus jou reeds sy broer en suster gemaak. Dan besef ons hierdie broers en susters van Jesus, ook sy huisgesin, moes eers word 'n gemeenskap van heiliges, hulle moes ook eers kerk van Christus gemaak word, voordat hulle werklik sy broers en susters kon wees. Die Kerk in Christus wat ons laat glo en bely dat buite die liggaam is daar geen saligheid nie ( Vgl. Art 28 Nederlandse Geloofsbelydenis). Dit het ook vir Jesus se broers, Maria se ander kinders in Nasaret gegeld. Hulle moes eers kerk word om te verstaan wat dit werklik beteken broer en suster van Christus te wees.

Dan het ons die pragtige voorbeeld van wat het een van die broers van Jesus kon word wat hy nooit sou kon wees as dit nie vir die kerk van die Here was nie. Jesus se huisgesin, ja sy broers het aanvanklik nie in Hom geglo nie, tog blaai ons dieper die Woord van God in, dan neem Jakobus later die leiding in die gemeente in Jerusalem. Die kind van Maria word voorsitter van die kerklike vergadering wat ons in Handelinge 15 van lees. Die Here gebruik

twee van Maria se seuns, Jakobus en Judas om die brief van Jakobus en die brief van Judas 'n besondere deel van die Nuwe Testament te maak.

Ons besef vandag in al hierdie verskillende benaderings tot Jesus, dit wat ons met vyf groeperinge kon onderskei, hoe bevoorreg is ons om eintlik net te wees 'n broer en suster in Christus, 'n broer en suster van mekaar, al is ons nie bloedfamilie nie. Hier gaan die geloof die bloed vooraf, ja hier gaan die verbond ook die bloed vooraf, want nie jou bloed of jou familie maak jou deel van God se Kerk nie, maar God maak jou deel wat ons in alle geval nooit uit onsself sou kon wees nie. Kerk van die lewende Christus, sy broer sy suster, uit die kerk wat Paulus ook so mooi kon skrywe- wie God as Vader het, het die kerk as moeder.

AMEN